

'Prestasie saad met beproefde genetica' - Sensako wenners vir elke streek!

Dr. Willem Otto en Roean Wessels.

Elke produsent besef terdeë dat die regte kultivarkeuse wat opbrengs en graankwaliteit asook stabiliteit in opbrengsreaksie oor jare insluit, 'n krities belangrike produksiebesluit is. Om winsgewend te kan produseer moet die keuse by elke produksiestelsel se vereistes inpas.

Opbrengs en graankwaliteit bly koning, terwyl betroubare en objektiewe proefresultate oor die stabiliteit van opbrengsreaksie oor jare belangrik is om produksierisikos te bestuur.

Sensako is 'n bekende naam in die saadbedryf en steeds 'n eg Suid-Afrikaanse maatskappy. Die maatskappy spits hom toe op die ontwikkeling van 'n produkreeks vir die Suid-Afrikaanse mark om ons plaaslike boere winsgewend in bedryf te hou.

Somergewasse

Kultivars met goeie aanpasbaarheid, opbrengs en gewenste siekte-eienskappe is beskikbaar vir **droëland en besproeiings-aanplantings**, wat die planttydspektrum van vroeg tot laat kan dek.

Sojaboonkultivars vrygestel deur Sensako – **SSS 5449tuc**, **SSS 5052tuc** en **SSS 6560tuc** – word reeds kommersieël aangeplant met goeie opbrengsprestasie in al die produksie-gebiede. Die kultivars is onbepaalde groeiers, met glifosaat-weerstand en goeie agronomiese en siekte-eienskappe.

Deur samewerking met Syngenta word die Clearfield-baster **SY 3970CL** bemark. Die kultivar spog met kompeterende opbrengste, wye gebiedsaanpassing en die voordeel van Clearfield tegnologie in onkruidbeheer. 'n Wenner kombinasie in droëlandverbouing.

Uit Sensako se konvensionele mielieteeltprogram is die geelmieliebaster **SNK 2768** vrygestel. Die medium-groeiperiode kultivar is vergelykbaar met die beste konvensionele basters in die mark wat opbrengsprestasie aanbetref. Agronomiese kenmerke sluit in meerkoppigheid, oorwegend enkelstammig en goeie siekteverdraagsaamheid. 'n Witmielie-kultivar **SNK 61** is ook beskikbaar. Die oop-bestuifde kultivar het verskeie toepassings wat insluit graanproduksie, weimielies en kuilvoer en is aangepas vir lae tot medium opbrengspotensiaal gebiede.



SENSAKO
Beproefde Genetika • Proven Genetics



Onthou dat die agronomiese bestuurspraktyke asook die klimaatsomstandighede tydens die seisoen, die uitdrukking van die genetiese potensiaal van enige kultivar sal bepaal. Optimale gewasbestuur moet die keuse van 'n kultivar ondersteun veral as die kultivar spesifieke bestuurspraktyke vereis om genetiese potensiaal te verwesenlik.

Die kombinasie van al die kultivar-eienskappe en bestuursinsette word versinnebeeld in die verhoogde opbrengste wat behaal word – **'Prestasie saad met beproefde genetika'**

Om saam te vat – Sensako kultivars het hulself herhaaldelik bewys as staatmakers onder 'n wye reeks produksie toestande – Sensako bly die beste keuse!

Sensako kultivars word direk versprei asook deur uitgesoekte agri-besighede.

Bethlehem 058 3034690; www.sensako.co.za.